*S.A. Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation, 2001, 23(1):85-94.*
*S.A. Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning, 2001, 23(1):85-94.*
*ISSN: 0379-9069*

# OORSPRONKLIKE VOETBAL AAN DIE KAAP EN DIE ONTSTAAN VAN DIE STELLENBOSCH RUGBYVOETBALKLUB: NUWE FEITE

Floris J.G. VAN DER MERWE
*Departement Sportwetenskap, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, Republiek van Suid-Afrika*

***ABSTRACT***

*This research brought two new aspects of (rugby) football history in South Africa to the fore. Firstly, the original game mainly played in the Cape seems to have been a creation of Canon Ogilvie of the Diocesan College and not the traditional Winchester Game as commonly believed. The number of players a-side, the size of the field and the duration differed from the Winchester Game, all of which imply that it was a game peculiar to the Cape. In May 1873 representatives of the Civilians, Civil Service, Diocesan College and South African College also established their own rules for playing football. Secondly, that the Stellenbosch Rugby Football Club was founded in 1875 and not in 1880 as formerly believed, thus becoming the second oldest club in the country and in the Southern Hemisphere. This fact came to light with a report discovered in the Cape Town Daily News of 21 August 1875 in which the "Stellenbosch Foot-ball Club", as a "new club", was praised for "their pluck, by challenging, in their infancy, a Club of so long standing as the Civil Service Club".*

**Key words**: Football; Rugby; Winchester game; Bradfield game; Matie rugby; Stellenbosch Foot-ball Club.

## INLEIDING

Sportgeskiedenis gaan gedurig gebuk onder napratery en naskrywery omdat min mense die feite wat aan hulle voorgelê word, in twyfel trek. Die William Webb Ellis-verdigsel is 'n uitstekende voorbeeld hiervan. Indien hierdie verkeerde feite op 'n histories-wetenskaplike wyse blootgelê kan word, kan dit in sommige gevalle 'n paar rooi gesigte tot gevolg hê. In die geval van die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub het hierdie klub verlede jaar (2000) hul 120ste verjaardag gevier. Kort daarna is dié nuwe inligting opgediep en kon die klub vyf jaar by hul bestaanstydperk voeg.

## PROBLEEMSTELLING

Na meer as 140 jaar van voetbal aan die Kaap is daar nog steeds onsekerheid oor presies watter spel gespeel is voordat die Rugbyspel sy verskyning gemaak het. Hierdie artikel gaan egter ook oor die stigtingsdatum van die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub. Laasgenoemde is die amptelike naam van die huidige universiteitsklub wat ook populêr as die Matie-rugbyklub bekend staan. In die 1870's het skoliere, studente en personeel (volwassenes) nog saam sport beoefen (Van der Merwe, 1984:ix) en sou 'n "Stellenbosch Foot-ball Club" dus uit 'n verteenwoordiging van hierdie groepe bestaan het. Geen wetenskaplik-gefundeerde basis het voorheen bestaan vir die keuse van 1880 as die datum waarop dié klub gestig sou gewees het nie. Nuwe inligting word hiermee voorgelê wat die rekords van die Matie-klub sal herskryf.

## METODOLOGIE

Dit was tydens 'n sporthistoriese navorsingsprojek van 'n heeltemal ander aard dat daar in die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (Kaapstad Divisie) op die *Cape Town English press index for the year 1871-1976* (Coates, 1980-1996) afgekom is. In die 1875-volume was 'n indeksverwysing "Stellenbosch vs Civil Service match discussed". Dit was hierdie riglyn wat tot die koerantberig in die *Cape Town Daily News* van 21 Augustus 1875 gelei het en waarin die nuwe inligting omtrent die herkoms van die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub blootgelê is.

Koerantberigte in die verskillende Kaapstadse dagblaaie soos die *Cape Argus*, *Cape Times*, *Cape Town Daily News* en die *Standard and Mail* vanaf 1860 is daarna geraadpleeg om meer agtergrond omtrent die "Stellenbosch Foot-ball Club" te vind. Al wat egter gevind was, is bevestiging dat voetbal wel in daardie jaar op die Braak gespeel is. Soos die soektog uitgekring het, het dit ook nuwe inligting aangaande die tipe voetbal wat oorspronklik in die Kaap gespeel is, blootgelê.

Die bogenoemde Kaapse dagblaaie as primêre bronne is aangevul deur sekondêre bronne om die aard en herkoms van die spel(e) soos dit in die Kaap gespeel is, vas te stel.

## BESPREKING

### Voetbal aan die Kaap

Victoriaanse beskouinge het danksy die snelgroeiende industrialisasie en imperiale strewes spoedig sy inslag in die onderlinge kolonies gevind. Daar is dus van die lojale, dapper en aktiewe man verwag om ook in die Kaap sy Victoriaanse beeld deur middel van sport te poets. Die term "Christian masculinity" word hieraan gekoppel. Sport het nou 'n goeie alternatief vir dobbel en drankmisbruik geword (Worden *et al*., 1998:196).

So het dit dan gebeur dat 'n voetbalwedstryd op Saterdag 23 Augustus 1862 om 15:00 by Groenpunt, Kaapstad, tussen 15 offisiere van die 11$^{th}$ Regiment Royal Engineers en Royal Artillery en 15 here uit die siviele diens van Kaapstad plaasgevind het. Dit blyk die eerste volwaardige voetbalwedstryd in die Kaap te gewees het …"As this is the first within our recollection that so large a party of gentlemen have made a public appearance at Cape Town in this manly English schoolgame…"(*Cape Argus*, 1862a:3). Die moontlikheid dat informele of spontane wedstryde binne die militêre kampopset vóór 23 Augustus 1862 al gespeel is, word nie uitgesluit nie. Kanunnik Ogilvie se leerlinge by Biskoppe het klaarblyklik ook sedert sy aanstelling in 1861 aan sy unieke voetbalspel deelgeneem (*Cape Times*, 1937:7).

Die siviele span was een man kort en daarom is daar met 14 man teen 15 gespeel (alhoewel die *Argus* ook net 14 name by "military" lys). Die wedstryd het 105 minute geduur en geen doel is aangeteken nie. Skynbaar het die wind om 16:45 gedraai en tot die voordeel van die militêre span gewaai. Dit was die sportiewe rede vir die beëindiging van die wedstryd (*Cape Argus*, 1862a:3). 'n Herontmoeting is vir Vrydag 5 September gereël (*Cape Argus*, 1862b:2) wat die militêre span toe met 2-0 gewen het (*Cape Argus*, 1862c:2; *Cape Argus*, 1862d:3). Die veld was oor 100 tree afgemeet teenoor die 150 tree van die eerste kragmeting en hierdie keer is die wedstryd oor drie en 'n kwart uur beslis (*Cape Argus*, 1862d:3).

Op 13 September dieselfde jaar is berig dat die Diocesan College hul eerste wedstryd op die Rondebosch krieketterrein sou speel. Hul teenstanders was 'n span bestaande uit militêre en siviele spelers (*Cape Argus*, 1862e:2). Die skoliere het met 3-1 gewen (*Cape Argus*, 1862f:2).

Die volgende berigte oor voetbal aan die Kaap het eers weer in 1864 verskyn. Dit was op 2 Junie toe Diocesan Collegiate School teen 15 here van Kaapstad en omliggende dele gespeel het (*Cape Argus*, 1864:2). Op 17 Junie 1865 het Diocesan College, met Ogilvie in die span, hul wedstryd teen die 1-10$^{th}$ Regiment verloor. Dit is interessant om daarop te let dat hulle in hierdie wedstryd met 10 man aan 'n kant gespeel het (*Cape Argus*, 1865a:2). 'n Maand later is 'n wedstryd tussen die 10$^{th}$ Regiment en Mr. Vigors se span met 12 spelers aan 'n kant (*Cape Argus*, 1865b:2) gespeel en in Augustus het twee weermagspanne met 17 spelers aan 'n kant gespeel (*Cape Argus*, 1865c:2). Teen einde Mei 1869 het 25 spelers van Diocesan College en 25 here vanuit Kaapstad in 'n wedstryd betrokke geraak. Die College het na 90 minute met 7-3 gewen (*Cape Argus*, 1869a:3).

Enkele aspekte wat uit hierdie berigte opduik is dat hierdie wedstryde op 'n ad hoc-basis plaasgevind het en meestal op uitnodigings of uitdagings berus het. Die feit dat daar geen vasgestelde getal spelers in 'n span was nie en dat die verskil in tydsduur van die wedstryde opvallend is, plaas 'n vraagteken of dit wel die tradisionele Winchesterspel was wat hier gespeel is. Die speelveld was ook groter. Kanunnik H.E. Morris het vertel dat daar geen geskrewe reëls van die Winchesterspel in Kaapstad was nie en dat die reëls in elk geval so baie keer gewysig is, dat niemand die spel sou herken het nie (Difford, 1933:700).

Tog verwys die Kaapse koerante inderdaad na reëls. Alreeds op 12 Junie 1869 het kapt. Sandford van die Britse garnisoen 'n stel reëls aan die *Cape Argus* (1869b:3) voorgelê, wat volgens hom die spel sou bevorder. Dan was daar ook die *Cape Argus* van 7 Junie 1873 (p.4) wat al die spelers wat op daardie middag op Groenpunt sou speel, gemaan het om die "nuwe" reëls aandagtig deur te lees. Dit moet dieselfde reëls wees wat in die *Standard and Mail* (1873:2) gepubliseer is. Hierdie 15 reëls is op 'n vergadering op 27 Mei 1873 tussen die verteenwoordigers van Civilians, Civil Service en die twee kolleges, Diocesan College en South African College, opgestel. Dit moes dien as 'n eenvormige stel reëls vir voetbal soos dit toe op die verskillende velde van die Kaap gespeel is.

Hierdie reëls skep die indruk dat die Winchesterspel se reëls, soos dit aan die Kaap gespeel is, ietwat aangepas is. Die "Kaapse reëls" (van 27 Mei 1873) het onder andere bepaal dat 'n doel aangeteken was wanneer die bal op enige hoogte tussen die twee doelpale geskop en nie gegooi, gedra of gestamp was nie. In die Winchesterspel was 'n doel aangeteken wanneer die bal die doellyn (op enige plek) oorskrei het. Die enigste probleem hier, is die wydte van die doelpale. In die Winchesterspel was hulle in die hoeke geplant, met ander woorde 25 tree van mekaar, terwyl bogenoemde Kaapse reëls bepaal het dat die doelpale nie nader as 10 tree van mekaar moes wees nie (volgens die 1869-reëls was dit sewe tree (*Cape Argus*, 1869b:3)). Die Winchesterveld was 80 tree lank en 25 tree wyd, terwyl die Kaapse reëls 'n veld van maksimum 200 tree lank en 'n maksimum van 100 tree wyd toegelaat het (Arlott, 1977:350; *Standard and Mail*, 1873:2).

Die oorsprong van die spel aan die Kaap word tans aan kanunnik George Ogilvie gekoppel. Hy het onmiddellik ná sy aanstelling by Biskoppe in 1861 sy leerders 'n voetbalspel geleer. Ogilvie, of Gog soos sy leerlinge hom gedoop het (afgelei van die eerste drie prominente

letters in sy handtekening), is op 30 Junie 1826 in Colne, Wiltshire in Engeland gebore. Hy het op 1 Mei 1915, op 89-jarige ouderdom, in Rondebosch te sterwe gekom. In Engeland het hy aan Winchester College en Wadham College (in Oxford) gestudeer, alvorens hy van 1852 tot 1855 'n onderwyspos aan die Bradfield College aanvaar het. Van 1855 tot 1858 was hy in Buenos Aires voordat hy na Kaapstad gekom het om die eerste hoof van die "St. George's Grammar School" te word. In 1861 is hy as hoof van die "Diocesan Collegiate School" aangestel. Laasgenoemde skool het sedert 1867 as die Diocesan College ("Bishops") bekend gestaan (Difford, 1933:700).

Sekondêre bronne voer aan dat Ogilvie die Winchesterspel aan die Kaap bekendgestel het (Difford, 1933:12,41,547,700; Arlott, 1977:352) terwyl Worden en Van Heyningen (1998:196) selfs beweer dat 'n spel soortgelyk aan die Eton Field Game in die beginjare hier gespeel is. Daar word ook beweer dat "Gog se spel" elemente van die Winchester- en Bradfieldspele bevat het (Suid-Afrikaanse Rugbyraad, 1964:10). Die genoemde verwarring spruit uit die feit dat die Winchesterspel tradisioneel met 15 (22 tot voor 1863) of ses spelers aan 'n kant gespeel is en die duur van 'n wedstryd op een uur vasgepen is (Arlott, 1977:350; Shearman, 1899:77) terwyl daar alreeds verwys is na die afwykings by die Kaapse spel.

Die opvatting dat George Ogilvie "rugby" na die Kaap gebring het (McIntyre, 1950:18), verdraai egter die ware stand van sake. Ten eerste was dit nie rugby nie, maar vermoedelik die Bradfieldspel.

> "When Canon Ogilvie came to Bishops he found that soccer was the winter sport. The game he himself played was different. This game he introduced at Woodlands, where the boys called it 'Gog's football'. It was...a combination of the game as played...at Winchester, Eton and Harrow. It was first played at St. Andrew's College, Bradfield, and thence transplanted to the Diocesan College." (McIntyre, 1950:113)

Hierdie inligting is deur kanunnik H.E. Morris, 'n byna lewenslange vriend van Ogilvie, in dié skool se 50-jarige gedenkblad bekend gemaak (McIntyre, 1950:113). Difford (1933:12) verskil weer en beweer dat die Winchesterspel, en later rugby, sokker in Suid-Afrika voorafgegaan het. Indien bogenoemde gegewens korrek is, was "Gog se spel" die Bradfieldspel (wat 'n kombinasie van die Winchester-, Eton- en Harrowspel was) en nie die suiwer Winchesterspel soos beweer word nie (*Cape Times*, 1937:7). Selfs in Montague Shearman (1899:84) se gesaghebbende werk oor die geskiedenis van voetbal word spyt uitgespreek dat wanneer die Winchesterskool verlaat word, die Winchesterspel ook agtergelaat word. Dit wys dus daarop dat hierdie spel se gewildheid nie ver buite die skoolgrense gestrek het nie. In Suid-Afrika was daar tot op datum 'n napratery en naskrywery sodat die Winchesterspel algemeen aanvaar word as dié een wat die Rugbyspel voorafgegaan het.

Die *Cape Times* van 18 Julie 1876 werp ietwat meer lig op die onderwerp, naamlik dat "there is a well known game which has grown up in the colony, has its own pecularities, and has been called football: its principles are generally understood by young South Africa" (*Cape Times*, 1876b:3). In sy brief aan die *Cape Times*, skryf An Old Rugbeian dat "[rugby] seems to be very much out of favour, whilst the game as generally played here (though under what rules it would be difficult to say) is held up as being superior" (*Cape Times*, 1876c:3). Dit wil tog voorkom asof 'n unieke Kaapse spel mettertyd ontwikkel het voordat dit deur rugby

vervang is. Indien dit so was, is hierdie "Kaapse spel" deur kanunnik Ogilvie ontwikkel. So blyk dit altans uit die volgende aanhaling:

> "…the rough game [rugby] played on Saturday was neither as pleasant to look at nor as scientific as the game which we have seen played on the ground of the Diocesan College, under the experienced eye of the Rev. Canon Ogilvie." (*Cape Argus*, 1876:2)

Hierdie is egter 'n studie wat meriete van sy eie het en nog aan 'n intensiewer ondersoek onderwerp kan word.

**Voetbal op Stellenbosch**

Ivor Difford (1933) het die enigste boek saamgestel wat tot op datum en op só 'n omvangryke skaal die onderwerp van Suid-Afrikaanse rugby-geskiedenis aangespreek het. Menige ernstige foute kom ongelukkig in hierdie werk voor, soos onder andere dat William Webb Ellis die rugbyspel begin het (p.8); dat P.J. en P. Blignaut saam met L.S. Meintjes in 1894 gestuur is om aan die Engelse kampioenskappe te gaan deelneem (p.34) (in werklikheid is Meintjes in 1893 en die Blignaut-broers in 1895 oorsee); én dat die Stellenbosch-klub in 1883 gestig was (p.15).

> "About 1883 an event which was to have a very far reaching effect on the future of the Rugby game in South Africa took place. That was the formation of the Stellenbosch Club in the farming district of that name some thirty miles from Cape Town." (Difford, 1933:15)

Dok Craven het 'n ander opinie gehad. In sy *Die groot rugbygesin van die Maties* (1980:1) skryf hy dat "hierdie bestaan dateer terug na 1880 omdat ons die eerste spanfoto van daardie jaar in die hande kon kry". In sy *Met die Maties op die rugbyveld* (1955:32) skryf Craven dat 1955 die regte jaar vir die viering van Maties se 75ste verjaardag was omdat 1880 die jaar was wat die eerste rugbywedstryd op Stellenbosch plaasgevind het en dat dit ook die jaar was wat Adderley Square (Die Braak) amptelik as rugbyveld erken is. Dit kan wees dat Craven hier na die Rugbyspel verwys en nie die spel wat rugby in die Kaap voorafgegaan het nie. Die voetbalklubs in die Kaap se ouderdom word egter nie aan die Rugbyspel se koms gekoppel nie, maar aan wanneer hierdie klubs vir die eerste keer gestig is met die doel om voetbal te speel, ongeag die kode.

Stellenbosse voetbal was al op 27 April 1875 in die nuus toe 'n skoolseun die magistraat aangerand het toe laasgenoemde hulle wou verbied om voetbal op die Braak te speel. Die seuns het "soos gewoonlik" voetbal op die Braak gespeel toe 'n polisieman in opdrag van die magistraat hul spel wou staak. Toe hulle nie gehoor wou gee nie, het die magistraat self sy verskyning gemaak en een van die seuns 'n paar houe met sy kierie gegee. Hierop het die seun die magistraat aan sy keel gegryp en gewurg totdat 'n paar polisiemanne die magistraat kon red (*Cape Argus*, 1875:2). 'n Hofsaak het gevolg, alhoewel die uitslag nie bekend is nie.

Die Stellenbosse Munisipaliteitsnotules van 4 Mei 1875 staaf dat voetbal, krieket, ens. op die Braak gespeel kon word, mits dit nie 'n gevaar vir die bewoners van die omliggende dele of die publiek wat van die deurpaadjies gebruik gemaak het, ingehou het nie (Stellenbosch Municipality, 1875:164).

Voetbal is natuurlik al lank voor 1875 op Stellenbosch gespeel. Daar word beweer dat dit "teen 1870 al druk gespeel" is (Ou kaptein, 1918:165).

Hierdie volgende berig uit die *Cape Town Daily News* van Saterdag, 21 Augustus 1875 (p.3) bewys dat die klub al in 1875 bestaan het:

> "New Club praised for taking-on Civil Service team
>
> A foot-ball match will be played, between the Civil Service and Stellenbosch, to-day at Stellenbosch. This being the first match of the kind played we cannot of course give any opinion on it, but, judging from some of the Stellenbosch players we have from time to time come in contact with in other matches, we think we may venture to say that the Civil Service will have to encounter a tough lot. We must also give the Stellenbosch Foot-ball Club every praise for their pluck, by challenging, in their infancy, a Club of so long standing as the Civil Service Club; and, at the same time, wish them every success. The following is a list of the players on the Service side:- Messrs. E. Pillans, W. Bovell, W. Blenkins, W. Haswell, P. Breda, H. Ford, C. Graham, A. Ham, H. Kay, J. Spyker, F. Cole, A. Nicholson, F. Bindon, C. Borcherds, and F. Oliff. Players are requested to leave town by the 7.15 a.m. train."

Die woorde "new club" en "infancy" wil daarop dui dat die "Stellenbosch Foot-ball Club" in daardie seisoen gestig is. Ongelukkig word net die Civil Service-spelers se name genoem. Dit is ook nie bekend in watter ander wedstryde die Stellenbosse spelers opgetree het nie.

Hierdie berig sê ook dat die Civil Service Club al lankal bestaan het. Hierdie klub was natuurlik nie 'n voetbalklub nie, maar 'n klub wat in 1861 gestig is vir die stadsjapies om hulle met gesonde vermaak besig te hou (Worden *et al*., 1998:239). Omdat die Hamilton Rugby Football Club in Maart 1875 gestig is (Difford, 1933:437) en die Western Province Club op 31 Mei (Difford, 1933:42-43) en Villager Rugby Football Club op 2 Junie (Difford, 1933:455), albei in 1876, maak dit die Matie-klub die tweede oudste in die Kaap asook in die Suidelike Halfrond.

Villager-ondersteuners wil natuurlik graag glo dat hul klub ook in 1875 gestig is (Stent, [1975]:2), maar die getuienis (indien korrek) spreek anders.

## SAMEVATTING

Mits Ogilvie voetbal aan die Kaap bekend gestel het, het dit vinnig posgevat. Veral die koerante van die 1870s wys dat die spel geesdriftig gespeel en ondersteun is. Sommige sekondêre bronne verskil oor presies wanneer die Rugbyspel aan die Kapenaars bekendgestel is. Babrow en Stent (1963:3-4) beweer dat dit in 1878 was, toe W.M. (later Sir William) Milton, 'n Engelse internasionale rugbyspeler, die klubs Hamiltons en Villagers oorreed het om na hierdie kode oor te slaan. Volgens hierdie bron het die twee Kaapse kolleges eers in 1883 begin om die Rugbyspel te speel.

Kontemporêre koerantberigte getuig egter anders. Die Western Province Club het al in 1876 die rugbyreëls aanvaar en op Saterdag 15 Julie in so 'n wedstryd teen Villagers gespeel.[1]

> "The game played was unlike that usually seen at the Cape, owing, as we are informed, to the fact that Western Province Club have adopted the rules published by the Rugby Union Committee." (*Cape Town Daily News*, 1876a:3)

Volgens die *Cape Times* was dit nie 'n suksesvolle poging nie en die joernalis het geskryf dat hulle gehoop het dat dit vir die laaste keer gespeel is. "It certainly seems to be a mistake to introduce a new game in place of the old one" (1876b:3). Ook die *Cape Town Daily News* (1876a:3) het soos volg oor rugby berig: "we fancy the new game will hardly be a very popular one at the Cape". In hul herontmoeting, twee weke later, het Western Province en Villagers in laasgenoemde se kode gespeel (*Cape Times*, 1876e:3).

Dit wil voorkom asof die baie reëls (*Cape Times*, 1876a:3), die ruwe aard van die spel, veral die skeenskoppery in die baie skrums, die antagonisme by sommige spelers veroorsaak het. Daarbenewens het die twee skeidsregters ook probleme vir die spelers geskep (*Cape Times*, 1876d:3; *Cape Town Daily News*, 1876b:3).

Die gewildheid van rugby het egter van Brittanje na die Kaap oorgespoel en binne enkele jare (teen einde 1878) die tradisionele spel, soos dit in die voorafgaande jare hier gespeel is, verdring. Dit is interessant om daarop te let dat onder andere drie van die spelers wat op 21 Augustus 1875 die Civil Service-span teen Stellenbosch Foot-ball Club verteenwoordig het, by name C. Eustace Pillans, C. Graham en F. Bindon, die volgende jaar leiersfigure in die stigting van die Western Province Club was (Difford, 1933:455). Laasgenoemde klub het die Rugby-kode aangehang.

Ten slotte kan saamgevat word dat die voetbalwedstryd wat op 21 Augustus 1875 op Stellenbosch plaasgevind het, nie die begin van voetbal op die dorp was nie. Die belangrikste feit hier is egter dat 'n "Stellenbosch Foot-ball Club" al daardie jaar bestaan het. Dit blyk dieselfde klub te wees wat mettertyd die rugbyreëls aanvaar het en wie se "oudste" spanfoto uit 1880 dateer. Indien daar met hierdie argument saamgestem word (en dit is nie noodwendig die einde daarvan nie), beteken dit dat die klub in die jaar 2000 al 125 jaar oud was.


**SUMMARY**

**Original football at the Cape and the formation of the Stellenbosch Rugby Football Club: New facts**

The Stellenbosch Rugby Football Club celebrated its 120$^{th}$ anniversary in 2000, just before new information was discovered regarding its real age. This discovery was made possible by the *Cape Town English press index for the year 1871-1976* which led this sport historical investigation to deal mainly with primary sources like the *Cape Argus*, *Cape Times*, *Cape Town Daily News* and the *Standard and Mail* from 1860 onward.
This research actually brought two new aspects of (rugby) football history in South Africa to the fore.


[1] Die Rugby Football Union is terloops in 1871 in Brittanje gestig (Reason & James, 1979:28).

Firstly, the original game played in the Cape seems to be a creation of Canon Ogilvie of the Diocesan College and not the traditional Winchester Game as commonly believed. The number of players a-side, the size of the field, the width of the goals, and the duration that differed from the Winchester Game, all of which implies that it was a game peculiar to the Cape. Representatives of the Civilians, Civil Service, Diocesan College and South African College also established their own rules for playing football in May 1873. This followed on previous rules set by the military in 1869.

Secondly, that the Stellenbosch Rugby Football Club was founded in 1875 and not in 1880 as formerly believed. The following report from the *Cape Town Daily News* of Saturday, 21 August 1875 (p.3) proves that the club already existed in 1875:

> "New Club praised for taking-on Civil Service team"
>
> "A foot-ball match will be played, between the Civil Service and Stellenbosch, to-day at Stellenbosch. This being the first match of the kind played we cannot of course give any opinion on it, but, judging from some of the Stellenbosch players we have from time to time come in contact with in other matches, we think we may venture to say that the Civil Service will have to encounter a tough lot. We must also give the Stellenbosch Foot-ball Club every praise for their pluck, by challenging, in their infancy, a Club of so long standing as the Civil Service Club; and, at the same time, wish them every success. The following is a list of the players on the Service side:- Messrs. E. Pillans, W. Bovell, W. Blenkins, W. Haswell, P. Breda, H. Ford, C. Graham, A. Ham, H. Kay, J. Spyker, F. Cole, A. Nicholson, F. Bindon, C. Borcherds, and F. Oliff. Players are requested to leave town by the 7.15 a.m. train."

The words "new club" and "infancy" refer to the "Stellenbosch Foot-ball Club" being founded in that season. It is unfortunate that only the Civil Service players are listed. It is also unknown for which teams the Stellenbosch players had played previously.

In the mid 1950s Doctor Danie Craven set the date as 1880, since this was also the date of the oldest team picture he could trace. The implication of this new information is that the club is actually five years older, thus becoming the second oldest club in the country and in the Southern Hemisphere.

## VERWYSINGS

ARLOTT, J. (1977). *The Oxford companion to sports and games*. St. Albans (U.K.): Paladin.

BABROW, L. & STENT, R.K. (1963). *The Varsity spirit. The story of Rugby Football at the University of Cape Town, 1883-1963*. Cape Town: Johnston & Neville.

*CAPE ARGUS, The* (1862a). 26 August.

*CAPE ARGUS, The* (1862b). 2 September.

*CAPE ARGUS, The* (1862c). 6 September.

*CAPE ARGUS, The* (1862d). 11 September.

*CAPE ARGUS, The* (1862e). 13 September.

*CAPE ARGUS, The* (1862f). 18 September.

*CAPE ARGUS, The* (1864). 2 June.

*CAPE ARGUS, The* (1865a). 17 June.

*CAPE ARGUS, The* (1865b). 13 July.

*CAPE ARGUS, The* (1865c). 8 August.

*CAPE ARGUS, The* (1869a). 1 June.

*CAPE ARGUS, The* (1869b). 12 June.

*CAPE ARGUS, The* (1873). 7 June.

*CAPE ARGUS, The* (1875). 27 April.

*CAPE ARGUS, The* (1876). 18 July.

*CAPE TIMES, The* (1876a). 11 July.

*CAPE TIMES, The* (1876b). 18 July.

*CAPE TIMES, The* (1876c). 20 July.

*CAPE TIMES, The* (1876d). 21 July.

*CAPE TIMES, The* (1876e). 2 August.

*CAPE TIMES, The (1937).* 10 April.

*CAPE TOWN DAILY NEWS, The* (1875). 21 August.

*CAPE TOWN DAILY NEWS, The* (1876a). 18 July.

*CAPE TOWN DAILY NEWS, The* (1876b). 22 July.

COATES, P.R. (Comp.) (1980). *The Cape Town English press index for the year 1871*. Cape Town: [South African Library].

COATES, P.R. (Comp.) (1983). *The Cape Town English press index for the year 1872*. Cape Town: [South African Library].

COATES, P.R. (Comp.) (1986). *The Cape Town English press index for the year 1873*. Cape Town: [South African Library].

COATES, P.R. (Comp.) (1988). *The Cape Town English press index for the year 1874*. Cape Town: [South African Library].

COATES, P.R. (Comp.) (1991). *The Cape Town English press index for the year 1875*. Cape Town: [South African Library].

COATES, P.R. (Comp.) (1996). *The Cape Town English press index for the year 1876*. Cape Town: [South African Library].

CRAVEN, D.H. (1955). *Met die Maties op die rugbyveld, 1880-1955*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

CRAVEN, D.H. (1980). *Die groot rugbygesin van die Maties*. Kaapstad: Galvin & Sales.

DIFFORD, I.D. (Ed.) (1933). *The history of South African rugby football (1875-1932)*. Wynberg: The Specialty Press.

McINTYRE, D. (1950). *The Diocesan College, Rondebosch, South Africa. A century of "Bishops"*. Cape Town: Juta.

OU KAPTEIN (pseud) (1918). Sport. In N.J. Brümmer & J.J. Smith (reds.). *Gedenkboek van het Victoria-Kollege (164-175)*. Kaapstad: De Nationale Pers.

REASON, J. & JAMES, C. (1979). *The world of rugby. A history of Rugby Union Football*. London: British Broadcasting Corporation.

SHEARMAN, M. (1899). *Football history (The Badminton Library)*. London: Longmans, Green.

*STANDARD AND MAIL* (1873). 7 June.

STELLENBOSCH MUNICIPALITY (1875). Minutes of the meeting of commissioners, 4 May, p.164 (Cape Archives, 3/STB, 1/1/1/4).

STENT, R.K. ([1975]). *100 Years of rugby. The story of the Villager Football Club*. Cape Town: Villager Football Club.

SUID-AFRIKAANSE RUGBYRAAD (1964). *Rugby in Suid-Afrika.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

VAN DER MERWE, F.J.G. (1984). *Honderd jaar Matie-atletiek, 1885-1985*. Stellenbosch: Stellenbosch-Atletiekklub.

WORDEN, N.; VAN HEYNINGEN, E. & BICKFORD-SMITH, V. (1998). *Cape Town: The making of a city*. Cape Town: David Philip.

Dr. Floris J.G. van der Merwe, Departement Sportwetenskap, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602, Republiek van Suid-Afrika. Tel: +27 (0)21 808-4915, Faks: +27 (0)21 808-4718, E-pos: fjgvdm@maties.sun.ac.za

*(Vakredakteur: Prof. J.R. Potgieter)*